

Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
3 Augustus 2010

Beleggers gaan voort om aandeelbeleggings te vermy

Dieselfde korttermynbenadering wat verhinder dat Suid-Afrikaners spaar, is waarskynlik ook daarvoor verantwoordelik dat die meeste beleggers wegskrum van aandeel-effektetrustfondse en eerder kollektiewe beleggingskemas met vaste rente verkies.

Hoewel die plaaslike aandeel-effektetrustfondssektore oor die een- en vyfjaartydperke tot 30 Junie vanjaar ingrypend beter gevaar het as kontant, het beleggers voortgegaan om die grootste gedeelte van hul geld in vasterentebeleggings te hou, sê mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).

Altesame 48% van die R789 miljard in bates onder bestuur aan die einde van die tweede kwartaal van vanjaar was in vasterente-effektetrustfondse belê, het Campher vandeeweek gesê tydens die bekendmaking van die kwartaalstatistieke van die plaaslike Kollektiewe Beleggingskemasbedryf (CIS-bedryf). Net 23% was regstreeks in aandeelfondse belê, met beleggers wat 'n geskatte bykomende aandeelblootstelling van rondom 13% deur middel van batetoewysingsfondse verkry het.

Volgens Campher is dit so dat die wisselvalligheid op die aandelemark voortgeduur het, maar hy wys daarop dat die JSE Alle-aandeel-indeks ondanks die onbestendigheid 'n opbrengs van 22% vir die jaar geëindig op 30 Junie gelewer het.

“Beleggers met 'n deeglike langtermynstrategie besef dat dit tyd in die mark is wat uiteindelik opbrengste lewer wat inflasie klop. Hoewel vasterentebeleggings die gerusstelling van stabiele opbrengste teweegbring, sal sulke opbrengste nie die belegger se kapitaal op lang termyn teen inflasie beskerm nie.”

'n Bykomende bekommernis is volgens Campher daarin geleë dat geld wat nie aan langtermynbeleggings toevertrou is nie, maklik toeganklik bly en gevolglik dikwels vir verbruikersartikels aangewend word.

“'n Suksesvolle spaarstrategie vereis dissipline en 'n bereidwilligheid om jou te verbind tot beleggings soos aandeel-effektetrustfondse wat na alle waarskynlikheid reële opbrengste op lang termyn sal lewer,” sê Campher.

Kontant - 'n veiligheidsnet met reusagtige gate

Volgens Campher het die gemiddelde opbrengs van effektetrustfondse in die algemene plaaslike aandelesektor vir die jaar geëindig op 30 Junie 19% beloop, in vergelyking met die 8% van die plaaslike geldmarkfondse. Inflasie (VPI) het gemiddeld 4,2% beloop.

“Terwyl plaaslike algemene aandeel-effektetrustfondse egter oor die 12 maande geëindig op 30 Junie inflasie met 15% die loef afgesteek het, het dieselfde fondse 'n netto uitvloeï van R562 miljoen in die tweede kwartaal van vanjaar ervaar. Algeheel het plaaslike aandeelfondse egter 'n netto invloeï van R855 miljoen oor dieselfde tydperk aangeteken. Aan die ander kant het plaaslike geldmarkfondse in dieselfde tydperk 'n netto invloeï van R7,7 miljard ontvang.”

Campher voeg by dat nege van die toptien-posisies op die sektor se prestasieranglys vir die een jaar tot 30 Junie deur plaaslike aandelesektore beklee is met opbrengste wat van 16% tot 28% wissel.

Die sektor se prestasieranglys vir vyf jaar toon 'n soortgelyke tendens. Agt van die toptien-posisies is beklee deur plaaslike aandelesektore met opbrengste wat wissel van 12% tot 17%. Plaaslike geldmarkfondse het 'n opbrengs van 9% teen inflasie (VPI) van 7% gelewer. Hierdie opbrengste is volgens Campher behaal ondanks die ineenstorting van die finansiële markte in die laaste deel van 2008.

Beskerming van jou aftrekapitaal

Volgens Campher glo verbruikers steeds dat aandelemarkwisselvalligheid die grootste vyand van hul aftrekapitaal is, terwyl dit in werklikheid inflasie is waarvoor hulle bang moet wees.

“Ons ervaar gevolglik dat beleggers so defensief ingestel is wat hul beleggingstrategieë betref dat hulle bereid is om toekomstige inflasie-oortreffende groei vir onmiddellike stabiliteit en gemoedsrus op te offer.”

Volgens Campher is dit in die besonder waar wat afgetrede beleggers betref.

“Indien jy as 'n pensioenaris jou huidige inkomste ondersteun deur die toekomstige groeipotensiaal van jou kapitaal op te offer, laat jy toe dat inflasie vreet aan daardie selfde kapitaal wat geormerk is om jou inkomste vir die toekoms te onderhou.”

Reële langtermyn groei kan net bewerkstellig word deur middel van 'n goed gebalanseerde beleggingsportefeulje wat aandele insluit, sê Campher. Dit is volgens hom ook van toepassing wat pensioenarisse betref, aangesien baie van hulle byna net soveel tyd in hul aftrede gaan deurbring as wat dit geduur het om hul loopbane op te bou.

“Beleggers wat daarna mik om inflasie-oortreffende opbrengste op lang termyn te verkry, moet hulle daarop toespits om 'n bestendige aandeelblootstelling as deel van 'n goed gediversifiseerde portefeulje te handhaaf. Stel 'n goed gediversifiseerde portefeulje saam met 'n kundige finansiële adviseur op en leer dan om nie tydens slegte tye daarby betrokke te raak nie.”

Bedryfsfeite

Die Suid-Afrikaanse CIS-bedryf het in die jaar tot 30 Junie 'n netto invloei van R83 miljard ervaar. Dit bring die bates onder bestuur op R789 miljard te staan.

Die netto invloei het in die tweede kwartaal altesame R24,2 miljard beloop. Plaaslike batetoewysingsfondse het die grootste gedeelte van die vloei getrek - beleggers het 'n totaal van R8,7 miljard in daardie fondse geplaas. Plaaslike geldmarkeffektetrustrondse het R7,7 miljard verkry, terwyl ander plaaslike vasterentefondse R3,9 miljard ontvang het. Net R855 miljoen is in plaaslike aandele belê.

Teen die einde van die tweede kwartaal van vanjaar het die bedryf 919 fondse aangebied.

Diversifisering oorsee

Beleggers het in die tweede kwartaal van vanjaar voordeel getrek uit die sterker rand deur sommige van hul oorsese vergunnings na plaaslik geregistreerde buitelandse fondse te skuif. Dit het daartoe gelei dat dié fondse 'n nuwe invloei van R4,2 miljard ervaar het, die hoogste ooit in 'n kwartaal.

Buitelandse effektetrustfondse is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Dié fondse kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word slegs indien dit by die Finansiële Diensteraad geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in sulke fondse wil belê, moet aan die Reserwebank se reëls voldoen en sal gebruik maak van hul buitelandse kapitaalvergunning, wat verlede jaar van R2 miljoen tot R4 miljoen per individu verhoog is.

Die totale bates onder bestuur in plaaslik geregistreerde buitelandse fondse het op 30 Junie altesame R106,8 miljard beloop. Dit is effens minder as die R107,5 miljard aan die einde van die eerste kwartaal.

Gegewens van die buitelandse CIS-bedryf vir die tweede kwartaal van vanjaar dui volgens Campher daarop dat 44% van die bates wat Suid-Afrikaanse individue in buitelandse fondse belê het, aan aandeelfondse toegewys is. Net 6% van bates is in vasterentefondse belê.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA)